

1.

Saak nr 418/90  
/MC

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA.  
(APPÈLAFDELING.)

In die saak tussen:

ALFRED JERRY BLAAUW

Appellant

- en -

DIE STAAT

Respondent

CORAM: JOUBERT, VIVIER et GOLDSTONE ARRVERHOOR: 16 Maart 1991.GELEWER: 16 Maart 1991.U I T S P R A A KVIVIER AR.

2/...

VIVIER AR:

Die appellant het in die Rondgaande Hof op George voor BURGER R en assessore tereggestaan op twee aanklagte van moord (klagtes 2 en 5) en drie aanklagte van sodomie (klagtes 1, 3 en 4). By die aanvang van die verhoor het hy skuldig op die twee moord-aanklagte en skuldig op twee van die drie aanklagte van sodomie gepleit (klagte 1 en 4). Op die ander aanklag van sodomie (klagte 3) het hy skuldig aan onsedelike aanranding gepleit. n Skriftelike verklaring ingevolge art 112(2) van Wet 51 van 1977 is daarna deur sy advokaat by die Verhoorhof ingelewer. Sy pleit van skuldig op twee aanklagte van sodomie (klagtes 1 en 4) is deur die Staat aanvaar. Sy pleit op die ander aanklag van sodomie (klagte 3) sowel as die twee

aanklagte van moord is nie deur die Staat aanvaar nie.

Getuienis is daarna op al die aanklagte deur die Staat gelei. Die appellant het sy saak gesluit

sonder om enige getuienis op die meriete aan te bied.

In die uitspraak van die Verhoorhof op die meriete, wat hierna gevolg het, is die appellant skuldig bevind op

aldrie aanklagte van sodomie. Die uitspraak maak geen

melding van die aanklagte van moord nie. Daarna het

die appellant, sy moeder en 'n psigiater ter versagting

getuig, waarna die uitspraak oor die kwessie van

versagtende omstandighede gevolg het. Daarin word ter

aanvang die vraag gestel of daar "versagtende

omstandighede was ten opsigte van die twee moorde".

Ook uit hierdie uitspraak blyk dit glad nie of die

appellant inderdaad aan moord skuldig bevind is nie.

Die Verhoorregter mag dus wel onder die verkeerde indruk verkeer het dat die appellant skuldig bevind is aan moord vanweë n verwarring met die skuldigbevinding op die aanklagte van sodomie.

Nadat die Verhoorhof bevind het dat daar wel versagtende omstandighede aanwesig was, is die appellant nietemin op die aanklagte van moord, wat saamgeneem is vir die doeleindes van vonnis, ter dood veroordeel. Dat dit onreëlmstig was om die aanklagte vir hierdie doel saam te neem, laat ek daar. Die appellant is verder op elk van die drie aanklagte van sodomie tot 3 jaar gevangenisstraf gevonniss. Met verlof van die Verhoorregter kom die appellant in hoër beroep teen sy vonnisse alleen.

Soos ek hierbo aangedui het, blyk dit nêrens

uit die oorkonde dat die Verhoorhof inderdaad die appellant op die aanklagte van moord skuldig bevind het nie. Dit word bevestig deur mnr Le Roux en Theron wat beide in die Verhoorhof en voor ons vir die appellant en die Staat onderskeidelik verskyn het. Verder was die appellant geregtig om in die ope hof te hoor of die Verhoorhof hom skuldig of onskuldig bevind na aanhoor van die getuienis. Dit is so 'n basiese beginsel dat dit geen gesag behoeft nie. Dit spreek vanself dat dit 'n growwe onreëlmatigheid was om die appellant te vonnis sonder dat hy eers skuldig bevind is.

Gevolglik word die vonnisse wat die Verhoorregter op al die aanklagte opgelê het, tersyde gestel. Dit is wenslik om ook die skuldigbevindings

op die sodomie-aanklagte ter syde te stel omdat die verhoor moontlik de novo voor h ander hof mag begin. Vanweë die bepalings van die Strafwysigingswet 107 van 1990, wat intussen in werking getree het, word verloop aan beide die appellant en die Staat verleen om verdere getuienis voor vonnisoplegging te lei. Die getuienis wat reeds oor die kwessie van versagtende omstandighede gelei is, staan. Indien die Verhoorhof nie behoorlik saamgestel kan word nie, moet die verhoor de novo voor h ander hof begin.

Die volgende bevel word gevolglik gemaak:

1. Die skuldigbevindings en vonnisse op die drie aanklagte van sodomie (klagtes 1, 3 en 4) word tersyde gestel.

2. Die doodvonniss op die twee aanklagte van moord (klagte 2 en 5) word tersyde gestel.
3. Die saak word terugverwys na die Verhoorhof om h uitspraak op die meriete ten opsigte van al vyf aanklagte te gee en vonnis op te lê.
4. Verlof word aan beide die Staat en die appellant verleen om verdere getuienis te lei oor vonnis.
5. Die getuienis wat reeds gelei is, staan.
6. Indien die Verhoorhof nie behoorlik hersaamgestel kan word nie, begin die verhoor de novo voor h ander hof.



W. VIVIER AR.

JOUBERT AR)

GOLDSTONE AR)

Stem saam.